

Vroueblad

SEMESTER 1 VAN 2021



NG Heuwelkruin

HIERDIE VROUEBLAD IS SAAMGESTEL DEUR DIE VROUEDIENSBESTUUR VAN DIE NG GEMEENTE HEUWELKRUIN.

Indien jy dalk 'n oulike artikel of beproefde resep het wat
jy graag wil deel, stuur asb aan
hkruin@ngheuwelkruin.org.za sodat ons dit in die
volgende uitgawe kan plaas. Advertensies ook welkom
@R150 per A5.

Navrae : Sonja Jansen 0712023972

DAGBOEK VIR 2021 !!!

18 Julie	Vrouelidmate inligtingsvergadering (na-erediens)
25 Julie	Gemeenteverjaarsdagtee (na-die-erediens)
1 Augustus	Poedingverkope (A, B, L, O)
4 Augustus	Kerkraadsvergadering (verversings C, D/F)
14 Augustus	Vroueoggend : Alison Botha UITGESTEL tot 2022
15 Augustus	Hoede-Sondag
19—20 Sept	Gemeenteseminaar : Pieter v Jaarsveld
3 Oktober	Bederftee vir seniors (80+ jaar)
27 Oktober	Kerkraadsvergadering (verversings B, J/K)
29 Oktober	Basaar
21 November	Kerssangdiens

Finansies van die Vrouediens

Ons opregte dank aan elke vrouelidmaat vir gereelde maandelikse bydraes om die Vrouediens se somme te laat klop. Veral in hierdie moeilike tye wat ons beleef, word elke R10 opreg waardeer.



Bydraes vir die Vrouediens kan as volg gedoen word:

Dankofferkoeverte— spesifiseer die bedrag vir Vrouediens op die koevert asb.

OF

Elektroniese inbetalings :

NG Gemeente Heuwelkruin
ABSA, reknr 470 583 266,
takkode : 632005

Verwysing: Vrouediens



Snap here to pay



SnapScan




BOEKE-UITTOG 2021

Die dag voor ons Boeke- en Wit Olifantmark, maak Warrie my wakker. Ek is bekommerd of daar genoeg helpers vir die groot taak sal wees . Dis die week voor Pinkster en ds. Mauritz se tema het oor die Israeliete se verlossing uit slawerny gegaan . Reeds by die kerkraadsvergadering was die oordenking oor Kaleb en die verspieders se verslag oor Kanaän se vrugbaarheid en reuse. Dit word meteens vir my prakties. Gaan ek soos die meeste verspieders sê, “ons is soos muggies teenoor die reuse Ekaniete,” of eerder kies om te glo soos Kaleb, dat ons sonder twyfel kan oorwin met God se krag? Hoe betyds versterk die Here nie!

Die swaar bokse en sakke vol items staan in strepe rondom en binne die kerksaal. Dit lyk soos ‘n vragskip wat in die middel van Bloemfontein gestrand het. Verlede jaar se afsondering het gesorg vir genoeg tyd om kaste en laaie leeg te maak van ongebruikte troetelinge.

Nodeloos om te sê dat die Here 'n hele klomp helpers voorsien het. Almal beweeg soos miere om boeke en snuisterye heen en weer te dra, reg te pak en te prys. Die “gestuurdes” maak die taak lig en vrolik. Ek het my verbeeld die saal is vol engele wat die Here op die regte tyd teen die oormag items gestuur het. Teen 3nm is die tafels oorvol gelaai met “weird en wonderfols” vir elke snuffelaar se sak en smaak.



Vrydag maak Warrie my weer wakker. Dié keer met 'n oproep van iemand wat in Bloemnuus se Dagboek gelees het van ons Boe(r)emark! My muggie- versus olifant-vrees dreig weer die oorhand te kry. Wat as 'n klomp mense uit die stad opdaag met die verwagting van allerhande boeremarkprodukte, wat as geen kopers opdaag nie of daar nie genoeg helpers vandag gaan wees nie?

Die Here het egter vir Moses gesê: “Hoe lank sal hierdie volk my almag bly onderskat? Hoe lank sal hulle weier om op My te vertrou

ten spyte van al die wonders wat Ek onder hulle gedoen het?”
Numeri 14: 11.

Teen 12vm Vrydag trek heerlike koffiegeure deur die saal. Heuwelkruin Vrouediens se koek-en koffie-afdeling is keurig en aantreklik en lig sommer die boekemark tot 'n hoër standaard. Vroeë kopers daag op en begin die spotgoedkoopheids in te palm. Mense kuier lekker saam by kleurvolle tafeltjies en stoele. Party was as gevolg van die Covid-afsondering maar min uit en is honger vir geselskap. Teen 4nm begin ons somme maak en besef hoe ongelooflik die Here weer voorsien het.

Aan elke skenker, aandraer, uitpakker, grapmaker, bidder, prysenaar, koper, bakker, adverteerder, administreerder, skoonmaker en ondersteuner sê ons baie, baie dankie! Jou meelewing maak dat God se liefde en trou sigbaar en tasbaar word. Hy het soveel meer gedoen as wat ons kon vra of dink. Die week na die mark was die boeke steeds uitgestal en is ons stoutste verwagtings oortref. Een dame het al die oorgeblewe boeke gekoop en die res van die olifante, tydskrifte en kinderboeke kon ons skenk aan 'n skool in Botsabelo en 'n projek in Heidedal waar daar met gestremdes gewerk word. Aan God al die eer vir 'n geseënde “Groot Uittog” van boeke en olifante!

“It is a marvelous thing to consider God is literally willing to perform all things in us, and for us, if only we will let Him. The mischief is that most of us insist on performing all things in the energy of our own resolve, in the strength of our own power.”

FB Meyer.

Hermine Watson





Die Covid-pes is in my huis!!!

- ds. Mauritz Heyneman

Ons het pas deur die Pinkster-week gekom, 'n reis deur Eksodus waarin ons gehoor her: *God sien & God verstaan*. Ons het God opnuut ontdek as die getroue Here wat sy kinders se nood hoor en daarop reageer. Hy is die God wat vir wie die onmoontlike moontlik is en wat Homself kom "tuismaak" by sy volk ...

Tydens hiërdie einste Pinkster-week, het ek by iemand aangesteek met Covid. Ek is Sondagoggend 23 Mei met huiwering kerk toe, want ek het geweet iets is nie reg nie. Ek het die vorige aand begin sleg voel: lyfseer en het verskriklik koud gekry. Maar dit was Pinksterfees én nagmaal, daarom het ek gemasker en gesaniteer my afstand van almal gehou.

Daardie Sondag en die Maandag het ek besef: "Hierdie is nie griep nie, alles is en voel anders." Dinsdagoggend is ek na die deurry toetsentrum in President Steynstraat. Ek is sommer so oppad huis toe by die apteek aan om al die nodige medikasie van vitamien C & D, sink, ens te kry. Later die middag het die sms gekom: "Covid Positive". Ek het dadelik die Dagbestuur laat weet en in isolasie gegaan. Alles wat betreffende die gemeentewerk gereël moes word, is gereël.

Ek het op daardie stadium eintlik redelik goed gevoel: moeg, koud (beste manier om dit te beskryf is *chills*) en lyfseer, maar andersins OK.

Tot Maandag die 31ste... Ek het baie sleg gevoel dié dag – ‘n gevoel wat mens nie kan beskryf nie. Maandagaand 10uur se kant het daar ‘n naarheid oor my gekom wat ek nie kan beskryf nie. En ek het geen krag gehad nie. Ek onthou vaagweg dat ek vir Sonja geroep het en net gesê het: “Help my ...” En sonder om melodramaties te klink: ek het werklik gevoel dat ek besig was om dood te gaan. Ek onthou die angs van die gewaarwording: “Is dít hoe dit voel?” Ek ‘n gebed wat gelui het iets soos: “Here, ek wil nie nou al doodgaan nie, ek wil nog leef!”

Sonja het nie eens gesukkel met ‘n ambulans nie. Sy het my een kyk gegee en my gehelp tot by die kar; ons is Mediclinic-ongevalle toe teen ‘n spoed. Daar is ek in ‘n ondersoekkamer geplaas en het hulle ‘n drup opgesit en my binne-aars medikasie toegedien. Vieruur die oggend het die hospitaal Sonja gebel om my te kom haal en hier gaan ons weer huis toe. Ek het steeds baie sleg gevoel, maar my suurstofsaturasie was bó 90, so ek was volgens hul OK. Van die res van die week weet ek nie veel nie. Ek onthou dat ek die dae afgetel het, want êrens het ek gelees dat Covid op dag 9 begin draai. Maar dag 9 het gekom en gegaan ...

Teen die Woensdag het ek begin agterkom dat my longe seer is wanneer ek diep inasem. Ek het geweet dis nie ‘n goeie ding nie, maar ek is mos ‘n sterk man daarom het ek nie vir Sonja daarvan gesê nie. Sondagoggend die 6de Junie het ek so teen 7:00 uur in die sitkamer op die bank gaan lê. Ek onthou dat ek kortasem was en net ongelooflik sleg gevoel het. Ek het weer die ervaring gehad van die Maandagaand: “Ek is besig om dood te gaan ...”. En so jaag my vrou weer met my hospitaal toe!

Ek is weer in 'n observasiekamertjie gesit, het 'n drup gekry en is suurstof gegee; plate van my longe is geneem en bloed is getrek. Later is ek saam met 'n ander man in 'n "stoorkamer"-tipe vertrek geplaas; ek het dadelik besef dat die hospitaal vol is en dat daar nie 'n bed beskikbaar is nie. Daardie middag 16:00 uur se kant is ek na die Covid-saal geneem. Ek onthou hoe hulle my by die kamers verby gestoot het en ek na die mense binne gekyk het en gedink het: "Hier is bitter baie SIEK mense!"

Teen die Dinsdag het hulle my van die suurstof begin speen en het my suurstofsaturasie die hele tyd bó 90 gebly. Die longontsteking wat ek gehad het, het baie vinnig met die suurstof en kortisoon-behandeling begin opklaar. Hoewel ek moeg en swak was, kon ek ervaar dat ek besig is om gesond te word. Teen die naweek het die dokter my ontslaan en kon ek huis toe gaan: afgeboek vir nóg 'n week, en met 'n voorskrif so lank soos my voorarm. Maar dit was OK, want ek kon huis toe gaan! En daarvoor is ek innig dankbaar...

Ek besef met groot dankbaarheid dat ek een van die gelukkiges is. Covid is 'n snaakse siekte, want jy weet nie wat hy met jou lyf gaan maak nie. Party mense kom niks oor nie. Ander toon matige simptome. Ander, soos ek, beland in die hospitaal, maar gaan huistoe. Maar: dan is daar ook ander mense wat a.g.v. Covid gesterf het. Daar is mense vir wie hierdie siekte en pandemie heel ander betekenis gekry het. Kinders het ouers begrawe; vrouens het mans begrawe, mans het vroue begrawe; ouers het kinders begrawe ... (soos ek hier sit en skryf kry ek twee boodskappe: die een van 'n man in sy vyftigerjare wat oorlede is aan Covid; die tweede van 'n man in sy middel sewentigerjare wat Covid het, maar van die ventilator afgehaal is en op die herstelpad is ...).

Oor myself kan ek net sê: *die Here was vir my ontsettend goed!*

As ek dink waar ek was en waar ek nou is: net onverdiende genade! Ek het 'n nuwe perspektief op die lewe gekry: koop die tyd uit! Die lewe is kosbaar én broos. Leef met liefde en barmhartigheid, want die nood daar buite is groter as wat ons dink. En doen die lekker dinge: gaan stap, soen jou huweliksmaat, eet die stuk koek ... want môre is nie verseker nie. Koester die mense om jou! Waardeer hulle en wees goed vir hulle. Sonja het my deur hierdie tyd soveel gedra, en gehelp en bemoedig – selfs van my werk oorgeneem en sake gereël! Ek is haar innig dankbaar dat sy in my lewe is.

Maar daar was ook soveel ander mense wat in hierdie tyd vir my gebid het en boodskappe van bemoediging gestuur het, navrae gedoen het, omgee het. Maar as 'n dokter-lidmaat skielik voor jou hospitaalbed verskyn en vir jou sê: “Die Here het op my hart gelê om die volgende Bybelteks met jou te deel ...” kry mens (en meer spesifiek my Heuwelkruin-lidmate) vir my nuwe betekenis.

Ek is een van die gelukkiges en ek gee aan die Here al die eer daarvoor. Hy was vir my goed. My hart gaan uit na hulle wat ander, slegter belewenisse van Covid het as wat ek gehad het – mag die Here vir julle krag en genade gee.

My skoonsuster stuur vir my 'n *Youtube*-video van 'n lied met die titel: *Million little miracles* (gaan soek dit gerus). In elke dag is 'n *million little miracles*, simbole van God se sorg en trou in ons lewens ... ek is ook een van daardie *little miracles*.



Wees dankbaar en
leef vanuit liefde



'n Uitnodiging vir almal met min krag



Liewe Vriend/Vriendin

Ons het almal dié klagte uit die mond van bejaardes gehoor: “My ou kraggies raak nou ook al min.” Meestal word hier van spierkrag gepraat. Daar is egter vele ander kragte. Onlangs vertel ’n professor oor die radio van die baie soorte krag waarmee hy daaglik werk. Hy is die hoof van ’n Skool van Klimaatkunde. Hulle doen daar daaglik navorsing oor sonkrag, windkrag, kernkrag. Oor die hele Afrika, oor die hele wêreld. Sy kollegas van verskeie wetenskappe, selfs teologie, raadpleeg hom dikwels, sê hy. Ek bewonder hom oor sy wye algemene kennis. Maar ek weet ook dat al is kennis mag, is dit nie almag nie. Dit druk die psalmdigter van Psalm 33 goed uit as hy in vers 17 sê: *”’n Perd bied vals hoop vir oorwinning, deur sy groot krag kan hy nie bevry nie.”* In Bybelse tye was ’n perd ’n simbool van krag.

Soos geld vandag. Ons almal sing “Goud en silwer het ek lief.” Ons weet van jare gelede se Groot Depressie, vandag se inflasie en die daaglikse wisselkoers wat die krag van die rand teenoor die vernaamste geldeenheide aandui. Sakenuus op TV en die radio trek ons aandag. Ekonome praat van monetêre krag. Ons neem kennis van die broodlyn. Ons pas ons beursies en kredietkaarte soos goud op.

Ons hoop beurtkrag bly hierdie week ver van ons af. Lig is broodnodig Ons glo ook ons lojaliteit is nodig vir sportspanne en

politieke partye en verteenwoordigers met krag. Daarom ondersteun ons hulle.

Maar God is nie van ons lojaliteit afhanklik nie. Hy is die kragtige Een. Die Almagtige. Die Absolute wat heers oor hemel en aarde. En tog gebruik Hy mense. Veral swakkes. Hy roep die onwaarskynlikes: Moses die swaarpraat-moordenaar, Gideon die wegkruiper, die jong Jesaja, die bang Jona. Moses was bevrees toe hy by die brandende braambos geroep is. Maar hoor hoe bemoedig hy Israel toe hulle die woedende Egiptenare by die Rietsee in hul strydwaens in aantog sien: "*Moenie bang wees nie! Die HERE sal vir julle veg. Julle moet net stil bly.* (Eks 14:13,14)". Dit is 'n ander Moses wat hier praat. 'n Moses met geloofskrag. Dit herinner aan wat Jesus gesê het: "As julle maar geloof het soos 'n mosterdsaadjie."

Paulus het geleer om nie op sy eie kragte staat te maak nie. Die Here het vir hom gesê: "*'My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring'. Daarom sal ek my baie liever op my swakhede beroem, sodat Christus se krag my kan beskut. Wanneer ek swak is, juis dan is ek sterk* (2 Kor 12:9,10)". Nadat hy van sy baie ontberinge vertel het, sê Paulus in Fil 4:13: "*Tot dit alles is ek in staat deur Hom wat my krag gee.*" Dié woorde lees ek daagliks, want dit verskyn met sierskrif op 'n koffiebeker wat ek present gekry het.

Diegene wat regtig baie kragteloos is, kan gerus ag slaan op Jesus se uitnodiging in Matt 11:28: "*Kom na My toe, almal wat vermoeid en swaar belas is, en Ek sal julle rus gee. Want my juk is draaglik en my las is lig.*"

Jou vriend in Christus

Stoffel Cilliers

Amen en koebaai...

Ek weet nie van jou nie, maar ek het twee soorte bid in my lewe:

- † die een is sommer die gewone praat met God, geliefdes voor sy voete lê, Hom aanbid vir sy liefde en sorg, en dan opstaan en die dag voluit aanpak...
- † en dan is daar die amen- en-koebaaidid.

Daardie oggende wat jou bid nie woorde wil kry nie, en sommer net rou emosie is:

- ☆ verlange wat te veel word,
- ☆ vrees vir dinge wat wag,
- ☆ hartseer oor dinge wat gebeur het.

En as mens so voor die Here 'voel', wil mens nie amen sê nie ... want amen voel partydae soos koebaai, so al asof jy en God julle eie koers gaan inslaan tot die volgende gebed natuurlik.

Op sulke dae klou jy wanhopig aan die Here vas, weet jy met kinderlike geloof dat die Here jou nie mag los nie. Nie op daardie oomblik nie. Nooit nie.

Iemand het eendag gesê dat mens soms moet bid, en ander kere net moet toelaat dat die Here jou liefhê...

Op amen-en-koebaai dae, mag jy maar net stil by Hom sit en Hom vra om vir jou lief te wees.

Op amen-en-koebaai dae, mag jy jou oë toemaak en in jou gedagtes voel hoe die Here jou styf vashou.


Op amen-en-koebaai dae mag jy maar jou kop teen sy bors laat sak en jou huile huil.

Op amen-en-koebaai dae maak dit nie saak of jy amen sê nie ... want die Een wat jou naam in sy handpalm geskryf het, het gesê: "Moenie bang wees nie (nie vir die hartseer van verlang na 'n geliefde nie, nie vir die spoke van die verlede of die uitdagings wat voorlê nie)."

Want Ek is by jou ... Altyd!!!



Geskryf deur Pierre Cronjè (facebook)



Wêreldbiddag vir Vroue
5 Maart 2021

Die Wêreldbiddag vir Vroue is 'n wêreldwye ekumeniese beweging van Christenvroue, -mans en –kinders uit verskillende tradisies wat elke jaar, die eerste Vrydag in Maart saam bid. Die oorsprong van die “World Day of Prayer” is reeds in die laat 1800's begin deur Christen-vroue in die VSA en Kanada. Die eerste Wêreldbiddag vir Vroue in Suid-Afrika is in Maart 1930 in die Kaap gehou. Vanjaar was dus die 91ste viering van die WBV in Suid-Afrika. Mense van alle rasse, kulture en kerke neem deel om saam voor God, in gemeenskap met Hom en groter begrip vir mekaar, te verenig.

Elke jaar word daar gefokus op 'n ander land en 'n unieke tema. Vanjaar se boodskap en tema, “*'n Lewe gebou op 'n vaste Rots*”, is saamgestel deur die vroue van Vanuatu, 'n eiland in die suidelike Stille Oseaan, noord-oos van Australië. Die tema was n.a.v. die teks vanuit Matteus 7:24-27. Vanuatu is 'n eiland wat vanweë hul ligging baie geteister word deur aardbewings, siklone en vulkaniese uitbarstings. Die huise se fondasies is dus van uiterste belang. Vanuatu is ook trots om hul vlag en embleem te waai vir almal om te lees: “*Ons vertrou op God.*”

Ons eie gemeente se byeenkoms was bygewoon deur 'n klompie brawe dames wat ten spyte van Vlak 1-inperking dit saam gewaag het. 'n Puik program is deur Christine du Toit vanjaar saamgestel en het afgeskop met die Oorwinningslied ... hoe dan anders. Verskeie dames van ons gemeente se Gebedsbediening het aan die program deelgeneem .

Saam kon ons bid tot die Here met die volgende as riglyne:

- Covid-19 (gesondheidswerkers, vaksiene, siekes)

- Verskillende lande (wysheid van leiers, vrede tussen lande)
- Ongereddes/onbereiktes (Lig, Bybelverspreiding, Geopende Deure)
- Suid-Afrika (regering, korrupsie, werkloosheid)
- Kerk (leiers gelei deur Gees, eenheid, jongmense se betrokkenheid)
- Gesinne (liefde, geweld teen vroue/kinders)

Elke vrou het ook 'n klippie ontvang na die tyd met 'n teks op om ons daaglik te herinner wie die Rots is waarop ons lewens gebou is.

Dit was heerlijk om net weer 'n slag mekaar se geselskap te kon geniet na die lang inperkings, saam te bid en versterk te word deur die boodskap van die oggend.



“Elkeen dan wat hierdie woorde van My hoor en daarvolgens handel, kan vergelyk word met ‘n verstandige man wat sy huis op rots gebou het. Die stortreën het geval, vloedwaters het afgekom, winde het teen daardie huis gewaai en daaraan geruk en tog het dit nie ingestort nie, want die fondament was op rots. En elkeen wat hierdie woorde van My hoor en nie daarvolgens handel nie, kan vergelyk word met ‘n dwaas wat sy huis op sand gebou het. Die stortreën het geval, vloedwaters het afgekom, winde het teen daardie huis gewaai en daaraan geruk en die huis het ingestort en is heeltemal verwoes.” Matt 7:24-27

Hermine Watson

Vroegherfs

Die jaar word ryp in goue akkerblare,
in wingerd wat verbruin, en witter lug
wat daglank van die nuwe wind en klare
son deurspoel word; elke blom word vrug,
tot selfs die traagstes; en die eerste blare val
so stilweg in die rookvaal bos en laan,
dat die takke van die lang populiere al
teen elke ligte môre witter staan.

O Heer, laat hierdie dae heilig word:
Laat alles val wat pronk en sieraad was
of enkel jeug, en ver was van die pyn;
laat ryp word, Heer, laat u wind waai, laat stort
my waan, tot al die hoogheid eindelijk vas
en nakend uit my teerder jeug verskyn.



© NP van Wyk Louw

Macaroni, Kaas en Biltong gebak



Braai saam:

1 fyngekapte ui

2 gekapte knoffelhuisies

Roer dan die volgende by:

1 x 500 gram pak gekookte, gedreineerde macaroni

2 koppies gerasperde kaas

1 koppie gekerfde biltong

Klits saam in 'n groot beker:

250ml room

3 koppies melk


4 eiers

Meng 1 pakkie wit uiesoppoeier by tot 'n gladde mengsel en daar geen klonte meer is nie. Roer die vloeistof in die groot beker nou by die macaroni-mengsel, gooi in 'n vuurvaste bak en strooi nog kaas bo-oor. Bak vir 45 minute tot gaar en bruin by ongeveer 180 grade Celcius.

Bron: N Visagie:Sondag Sokkie op Luister Fm 90.6

Tel jou seëninge!!!

DEUR KAYLENÉ CARR



Ek is 'n doodgewone tiener in 'n nie so doodgewone wêreld nie. Elke dag is soos Paasfees vir my. Jy moet soek en krap vir die positiewe in elke dag, maar partykeer moet jy eers op jou knieë gaan om dit te kry.

My ma sê altyd dat daar 'n positief vir elke negatief is. Ek glo dit en leef daarmee. Net so het Covid-19 ook sy positief gehad. Die inperking was aan die begin vir my 'n moeilike tyd. 'n Mens besef eers wat jy het as jy dit verloor ... Skool is een van die dinge wat 'n mens het en altyd oor kla. Inperking het my laat besef hoeveel positiewe daar aan skool is – dat ek selfs huiswerk gemis het, interjol-gees, drama en kultuur-uitdagings. Ek moes maar ander maniere vind om my kreatiwiteit uit te leef. In die maande by die huis het ek vele stokperdjies aangepak: kitaar, Frans, naaldwerk, legkaarte en selfs 'n pizza-sjef geword. Maar die belangrikste van al my stokperdjies was skryf, ontwerp en om 'n gewone konsep te vat en te verander in iets beeldskoon. Ek het selfs tyd gekry om aan die nasionale Poort-skrifkompetisie deel te neem en een van my prosastukke is in 'n bundel opgeneem én ek het die nasionale voorbladontwerp-kompetisie gewen.

Ek het probeer om besig te bly by die huis, ek hou nie van stilsit nie, maar moes leer dat haas en liefde nie versoenbaar is nie. Hoe kan ons die mooi van die lewe beskou as ons altyd besig is en nooit tot rus kom nie? Ek het rus in die Here gevind. Myself uitgedaag om sy handewerk in alles raak te sien. Om op te hou kla oor daai een kriek in die huis wat niemand stilkry nie. Ophou kla oor die warm son buite, die koue wind wat waai, miere wat die krummels by die asdrom eet en besluit om eerder dankie te sê dat die son opgekom het en dat die Here my nog 'n dag gespaar het. Dankie vir die wind wat die saadjies versprei en die lande bedek met nuwe saailinge en blommerangskikking. Selfs dankbaarheid vir die miere waarvoor die Here sorg en soveel te meer vir my sorg. My koppie van genade loop oor.

As die lewe vir jou moeilik raak en orals rondom jou sien jy seer, lyding en swaarkry, kyk net op. As jy opkyk na die hemel sien jy nie al die negatiewe om jou nie. Jy sien dan wolke en voëls en die Here se genade; jy haal diep asem en kyk nie na die wêreld deur die oë van 'n mens nie. Jy kyk deur die bril van die Heilige Gees wat jou elke dag beskerm en moed gee om aan te hou om die Here se naam te verkondig. My ma sê altyd dat die Here nie foute maak nie en dat ons perfek geskape is na die beeld van die Here, met harte wat warm klop.



Covid-19 het in my baie vrese ontwikkel – soos onsekerheid en om nooit weer te kan lewe soos voorheen nie. Ek probeer om nie soos 'n volstruis my kop in die sand te druk asof Covid-19 nie bestaan nie. Ek hoef nie bang daarvoor te wees nie, soos aan ons vertel word in Josua 1:9.

Covid-19 het goeie vrugte gedra en baie deure vir my oopgemaak. Inperking het my die kans gegee om myself af te sonder van die wêreld sodat ek myself kon vind en my geloof weer kon grond. Ek het ook 'n mooi aanhaling raakgelees wat ek graag wil deel: “Die Bybel is daar om gelees te word soos jou daaglikse brood, nie soos koek net op spesiale geleenthede nie.

”Daar is altyd 'n positief vir elke negatief. As die lewe jou asem gee, gebruik dit om iemand anders ook nuwe asem te gee en van die Here te leer deur jou dae. My oupa sê altyd doen aan ander wat jy aan jouself gedoen wil hê. Só bou jy iemand anders op en sodoende bou jy jouself op en leer jy elke dag meer.

Ek, Kaylené Carr, is 'n kind van my God. God het my geseën met kreatiwiteit en 'n hart wat voel. Daar is baie maniere om jou seëninge te tel, so sit jou bril op en kyk na die lewe met die Heilige Gees aan jou sy! Onthou, God gee vir ons drome een *size* te groot sodat jy daarin kan groei.





EGTE OUTYDSE GEMMERKOEKIES

Hierdie gemmerkoekies het 'n besondere lekker geur en smaak en het sy barsies bo-op. Die moeite werd om te bak. Die beste gemmerkoekies ooit!

In 'n groot mengbak:

6 koppies koekmeel en 250 gram sagte botter, vryf die botter in die koekmeel. Moet mooi ingevryf word.

Voeg 2 koppies bruinsuiker, 2 teelepels met effense ronding Robbertsons *mixed* spice, 2 teelepels kremetart, 2 hoogvol eetlepels fyn gemmer en ½ teelepel sout by die meelmengsel en meng goed deur met houtlepel.

Voeg dan 3 ekstra groot geklitste eiers by, dan 250 ml koppie goue stroop en dan 2 teelepels met effense ronding koeksoda wat eers in 3 eetlepels melk in koppie opgelos is. Meng nou met houtlepel alles baie goed deur en knie dan die deeg tot elasties.

Berei bakplaat voor met bakpapier, rol okkerneut grootte bolletjies of soos u dit verkies, plaas op bakplaat, druk effens plat en bak vir 20 minute op 180 grade Celcius. Resep lewer 94 koekies.

Bewaar die resep vir jou nageslag, die resep kom uit die 1950's, uit die *Huisvrou se tydskrif*.

Stukkie interessante nuus....



Skrywer onbekend

“Who invented ***the three basic Covid rules*** to protect us...?”

- 1 - Distance
- 2 - Hand hygiene
- 3 - Using the mask

These laws were given to the nation of Israel 3,500 years ago. Did you know? So look it up in the Bible!

- 1 - EXODUS 30: 18-21 - Wash your hands so that they will not die.
- 2 - LEVITICUS 13: 4, 5, 46 - If you have symptoms, keep your distance, cover your mouth and avoid contact.
- 3 - LEVITICUS 13: 4, 5 - Who is infected must remain in quarantine for 7 to 14 days.

And there are still those who doubt that the Bible is a book of wisdom!!!

I LOVE THIS ANALOGY

- When GOD wanted to create fish, he spoke to the sea.
- When GOD wanted to create trees, he spoke to the earth.
- But when GOD wanted to create man, he turned to HIMSELF.
- Thus GOD said: "Let us make man in our image and likeness".

If you catch a fish out of the water, it will die; and when you remove a tree from the ground, it also dies. Similarly, when man disconnects from GOD, he dies.

GOD is our natural environment. We were created to live in HIS presence. We must be connected with Him because only with Him does life exist.


Let's stay in touch with GOD.

Let us remember that....

water without fish is still water, but fish without water are nothing.

The soil without the tree is still soil, but the tree without soil is nothing...

God without man is still God , but man without GOD is nothing.



ONS MA

- deur Nataniël

"Een van my stokperdjies is huil, dis die een ding wat sorg dat ek nooit die kluts sal kwytraak nie. Ongelukkig het ek af en toe 'n goeie of besige week en kry dan nie tyd of rede vir 'n behoorlike tranedal nie.



Die enigste oplossing is dan my suster se trou-DVD. Nie 'n ui of Meryl Streep op haar beste kan my so laat ineenstort nie.

Madri is nou al jare getroud, sy en haar man is gevestig in 'n mooi huis en daar is 'n klein dogtertjie, maar ek is nog by die troue. Tydens "Ave Maria" se hoë noot verskyn Madri met die lang sluier aan my pa se arm. Dis wanneer ek my eerste snik gee. Dan verskuif die kamera na die kerkbank met die drie broers, een is kwaai, een is emosioneel en een is toe onder diamante. Hier gee ek my tweede snik.

Die volgende oomblik is daar 'n skoot van die hele kerk. In die voorste ry sit my ma. Sy is so klein, net haar ogies is sigbaar bokant die bank. Nou huil ek soos een wat 'n oproep van sy dokter ontvang het.

Op die oog af is ons 'n nonsensvrye familie. Wanneer ons saam is, is daar taamlik min drama. Ons is meestal besig om te eet en het dan nie vreeslik tyd vir mekaar se kwale nie. Daar word baie gelag en deesdae word daar agter die splinternuwe kleinkinders aangehardloop. Probleme word oor die foon bespreek en vinnig, vinnig opgelos, die lewe is kort.

En in die middel van alles, soos die oog van die son, die kersie op die koek, is my ma. Piepklein, vlymskerp en met meer energie as 'n by in 'n boord hou sy ons dop.

Soos die kaptein van 'n skip staan by sy kompas, so regeer sy ons vanaf die ketel. Alles begin by die ketel, as jy jou voet by die deur

insit, kook die water. Volgende verskyn die koppies en pierings, die bord koekies en dan kan die wêreldleiers met hul agendas terugstaan, die verrigtinge het begin. Jy word ingelig oor alles wat jy ooit hoef te weet oor hierdie aarde, die tannie onder in die straat se knieë, die laaste erediens, hoeveel die haarkapper nou vra vir 'n was en kam, die vrou by die hoërskool se niggie se beste vriendin se kind se ogie, die man van die tuindienste se bakkie, die biduurgroep se buffet en watter kleinkinders nou al deurslaap.

Intussen het die tee en koekies verdwyn en 'n ry bakke het op die toonbank verskyn.

Eet iets.

Ma, ek is dik.

Jy was nog nooit dik nie, almal sê hoe mooi jy lyk.

Ma, ons het dan nou net koek gehad.

Proe net hierdie pastei, hier's 'n vrou wat dit aflewer, jy sal nie glo hoe min sy vra nie.

En deur dit alles luister jy en wonder wat het die doen en late van 'n dorp wat jy dertig jaar terug verlaat het, met jou te doen. En 'n week later besef jy dis die kern van die hele familie. Dis jou tuiste, dis waar jy vandaan kom, dis die materiaal vir my volgende vertoning, dis die ontsnapping van al jou grootmenstwak, jou werkklas en verantwoordelikheid, dis jou veiligheid en koestering. Dis die enigste mens wat jou foto in drie vertrekke uitstal, wat elke dag vir jou bid, wat nooit skaamkry oor jou nie, wat met trots vir die wêreld vertel van jou klein prestasies.

Jy ontgroeï nooit jou ma nie, soos sy ewiglik loop in die spore van háár ma, so bly jy klou. Jy soek die veiligheid, die dissipline van 'n huis met reëls, die aansporing van jou skooljare, die verligting van 'n maagpyn, die ferm hand op jou rug wanneer jy te bang is vir die volgende tree.

Geseënd is jy, Ma, jy en elke ander rots wat ons laat regop staan.

Hier huil ek al weer."



Met Moedersdag vanjaar op 9 Mei 2021, het tannie Marietjie van Heerden 'n pragtige bos blomme ontvang vanaf ds. Mauritz Heyneman. Sy was die "oudste moeder" dié oggend in die erediens op hierdie spesiale dag. Tannie Marietjie se getroue kerkbywoning en positiewe gesindheid bly 'n groot inspirasie vir elke vrou in Heuwelkruin.



Wanneer God
in jou oë
kyk sien Hy
wat geen mens
sien nie. Hy sien
jou ware skoonheid..
Alles wat Hy in
jou geskep het.
Jou potensiaal,
jou gawes.
Hy vergewe wat was,
Hy sien wat kan wees.
Hy is lief vir jou.
Alles omtrent jou
is uit Hom.
Jy is Sy kind.

Talk at the Walk

Here are some of the services you'll enjoy at Vodacom Chatz Connect The Walk:

- Upgrades
- New Contracts
- Transfer of Ownerships
- Insurance
- Fibre
- Data backups
- Data Transfers
- Software updates
- Many many more...

Find us at the The Walk Shopping centre close to Roco Mamas and Checkers.

P.S. If you are a business owner we will come to you and help you with your unique connectivity needs to save you time and give you great value!

051 446 4937 | chatzconnect.co.za

Come visit our store in Langenhovenpark at The Walk Centre in Jan Spies drive!

